HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NO 35 VAN 2019

05 Augustus 2019

Beste Koorouer / -voog,

1. **Snoepie**
Ons heet graag vir Anita Mitchell welkom as ons nuwe koorsnoepieorganiseerder. Ons hoop jy is gelukkig by ons! Dankie vir die heerlike snoepie wat jy reeds Dinsdagaand aangebied het. Ouers kan gerus 'n paar rand op Dinsdagaande saamstuur. Daar is ook heerlike kos te koop.

2. **Derde Kwartaal**
** Daar is elke Dinsdagaand kooroefening.

Belangrike koordatums

1) **14 Julie**
Die koor het by Weltevredenpark NG Gemeente opgetree, by altwee oggenddienste. Hulle het pragtig gesing. Baie dankie aan al die ouers wat die koorlede so vroeg al in die koue by die kerk besorg het. Dit word opreg waardeer.

2) **Dinsdagaand, 13 Augustus**
Koorfees by Weltevredenpark, NG Gemeente: (Corneliusstraat)
Ouers word vriendelik uitgenooi om hierdie koorfees by te woon.
Kaartjies kan vooraf aanlyn gekoop word, by ng@weltevreden.co.za.
Daar sal ook die aand kaartjies by die deure en heerlike eetgoed te koop wees. Die organiseerders versoek vriendelik dat alle koorlede teen 16:00 in volle koordrag, by die kerk sal wees. Ek weet dat dit vir sekere koorlede onmoontlik is om 16:00 daar te wees, maar ek vra baie mooi dat dié wat wel daar kan wees, asb teen 16:00 afgelaai moet word. Die ander koorlede moet asb dan so gou as moontlik, maar nie later as 18:00 nie, by die kerk afgelaai word, aangesien die fees reeds om 18:30 begin. Ek kan nie op hierdie stadium al sê hoe laat die koorfees verby sal wees nie. Ek sal ongeveer 'n uur voor oplaaityd 'n *WhatsApp* na die Koorkomitee stuur. Hulle sal dit dan aan hulle groepe stuur, sodat ouers wat nie die fees bygewoon het nie, betyds kan kom oplaai.

3) **Saterdagaand, 17 Augustus**
Koor se Galakonsert, St Stithians Kapel, ingang Peter Road, 18:00 vir 18:30.
Ouers, familie en vriende word vriendelik na die koor se laaste konsert vir 2019 uitgenooi.
Kaartjies kos R100 per persoon. Koorlede en laerskoolkinders : gratis.
Kaartjiegelde moet asb. direk in die skool se rekening inbetaal word, met verwysing: u kind se naam, van en Gala. U kan 'n foto van die bewys van betaling vir my *WhatsApp*. Koorlede kan dan die kaartjies by my kom haal. Ek sal Dinsdagaand, 6 Augustus kaartjies by die koor uitdeel. Dan sal ek ook Maandagoggend, 12 Augustus tussen periodes 1 en 5 en Dinsdagoggend,

13 Augustus tussen periode 2 en 7 in die Ouditorium wees, as koorlede kaartjies wil kom haal. Ek sal ook Dinsdagaand, 13 Augustus kaartjies by die koorfees uitdeel. Ons sal kyk of dit nodig sal wees om kaartjies by die deure ook te verkoop. Ek sal u op 14 Augustus per *WhatsApp* laat weet.
LW: Kaartjies kan ongelukkig nie uitgedeel word voor ek die bewys van betaling ontvang het nie.

Gaskunstenaars by die Galakonsert:
♫ ♪ Anne-Marie Kirsten en Madeleine Raubenheimer ♪ ♫

4) Dinsdagaand, 20 Augustus
Koorprysuitdeling, afsluiting en aankondiging van 2020-leiers.
Ouers is welkom om hierdie mooi geleentheid by te woon. Dit duur gewoonlik net ‘n uur. Ons sien u graag 18:00 in die Ouditorium saam met die koor. (Koorlede hoef nie 17:30 al daar te wees nie)

5) Baie belangrik
Die 2019-koor neem op Saterdagaand, 12 Oktober aan die (KykNet) Sing in Harmonie-finaal deel, te Gold Reef City. Busvervoer soontoe en terug sal gereël word. Alle 2019-koorlede (matrieks ingesluit) moet asseblief daardie aand teenwoordig wees, aangesien dieselfde koor wat deurgedring het na die finaal, aan die finaal moet deelneem. Inligting volg nader aan die tyd.

Ander datums

BELANGRIK
Om vir Franco tegemoet te kom met sy vol skedule, is daar veranderinge aangebring aan die volgende twee datums: oudisies en kamp.

Oudisies:
26 tot 29 Augustus: Oudisies vir 2020-koor
02 tot 05 September: Oudisies vir 2020-koor
(Oudisies is dus met ‘n week vervroeg.)
19 September: Aankondiging van die 2020-koor

Skool sluit 20 September.

- <u>Kwartaal 4</u>:
  08 Oktober: 17:30: 2020-koor begin oefen.
  20:00 tot 20:30: Ouerinligtingaand vir nuwe koorouers.

  Kamp:
  26 tot 28 November: Verpligte oefenkamp (Heron Bridge Retreat)
  (Die kamp se datum is dus met ‘n dag vervroeg.)

Indien daar enige navrae is, kan u gerus vir my ‘n e-pos, sms of *WhatsApp* stuur.

Vriendelike groete.

Elsa Nel: Organiseerder **Mnr P Booysen: Hoof**
dutoitelsa@gmail.com of 083 271 7234